

“Help ons bou” – Die Daisyfield-inrigting en die impak van sendingwerk en godsdienstige bearbeiding in ‘n weeshuisomgewing in Rhodesië (1910 – 1948)

Gustav Hendrich
Nagraadse student
US

Abstract

Since the founding of Rhodesia during the last decade of the nineteenth century, many Afrikaner immigrants settled in the country in search of a new life and job opportunities. As a result of the Anglo-Boer War (1899-1902), the devastating effect of natural diseases and to some extent due to subjugation by the British colonial authorities, the majority of these Afrikaners lived in a state of poverty. Subsequently, the prevalence of an increasing number of destitute or parentless children in need of care became a cause of grave concern to the Afrikaner community, especially the Dutch Reformed Church in Rhodesia. Through the initiative of and demand by several Dutch Reformed missionaries and clergy the ideal of educating orphans in a Christian Calvinist environment was realised when the Daisyfield orphanage (later located between Bulawayo and Gwelo) was established on the 30th of January 1911. Between 1910 and 1948 the orphanage gradually developed into a successful and efficacious institution for Afrikaner orphans, in spite of sometimes difficult financial and administrative circumstances. During its existence the institution became a symbol of courage and hardihood for the Afrikaner minority, as well as for the upholding of Afrikaner Christian and cultural values. Apart from focusing on the history of the Daisyfield institution, this article also seeks to address and discuss the inherent influence of the Dutch Reformed missionaries and clergy on the instilment of religious education in an orphan environment.

Sleutelwoorde: Daisyfield; Weeshuis; Rhodesië; Afrikaners; Nederduits Gereformeerde Kerk; Sendelinge.

Inleiding

Voor die Uniewording van Suid-Afrika in Mei 1910 het talle Afrikaner-immigrante na Rhodesië getrek in die soeke na werkseleenthede en ‘n verbeterde lewensbestaan. As gevolg van sowel die verwoestende uitwerking

van die Anglo-Boereoorlog¹ as die voorkoms van natuurlike siektetoestande en die grotendeels politieke onderwerping deur die Britse owerhede in Rhodesië (vandag Zimbabwe), het die meerderheid Afrikaners daar in armoede verkeer. In hierdie verband was die Nederduits Gereformeerde Kerk in Rhodesië instrumenteel daartoe om na die noodsaaklike lewensbehoefes van Afrikaners om te sien. Aangesien wees- en verwaarloosde Afrikaner-kindere sedert die totstandkoming van Rhodesië toenemend vermeerder het, het die NG Kerkraad van Bulawayo op 10 Januarie 1910 besluit om 'n weeshuis te stig.²

“Het Bulawayo Kinder Tehuis Daisyfield” vir Afrikaner-wese sou tussen 1910 en 1948 'n merkwaardige opvoedings- en versorgingsentrum vir sowel wees- as minderbevoorregte kindere word. Rhodesiese Afrikaners sou met agting na hierdie inrigting as 'n blywende simbool van durf en daad in Rhodesië opsien. Daar sal gepoog word om 'n nougesette bespreking van die Daisyfield-inrigting, wat onder die vaandel van die NG Kerk geressorteer het, te doen.³

Historiese agtergrond

Sedert die stigtingsjare van Rhodesië in die laaste dekade van die negentiende eeu het heel party Afrikaners hulle geleidelik as immigrante in die gebied noord van die Limpoporivier gevestig. Hierdie Afrikaner-immigrante het weens bepalende redes en oorsake, waaronder die strewe na 'n beter lewenstandaard, werksgeleenthede, asook die invloed van die sogenaamde 'trekgees,' besluit om 'n permanente tuiste aldaar te skep. Uiteraard was die talle georganiseerde en individuele Afrikaner-trekke na veral Gazaland (geleë in die suidoostelike gebied van Rhodesië) doelbewuste pogings om na gunstiger lewensvooruitsigte buite Suid-Afrika te soek. Bekende Afrikaner-trekke, onder andere die trekke van Van der Byl, Moodie, Martin en Henry-Steyn, het ontgewyfeld die fundamente van 'n afsonderlike blanke minderheidsgroep in

1 Ook bekend as die Suid-Afrikaanse Oorlog.

2 Nederduits Gereformeerde Kerkargief (hierna NGKA), KS 1707, Kommissie. Sinodale Kommissie vir diens van barmhartigheid. Kinder Tehuse, 1914-1977 (Huishoudelike bepalings voor Kinderen in het Bulawayo Kinder Tehuis der NGK Bulawayo te Daisyfield).

3 Aangesien die ontstaan van die Daisyfield-inrigting die weg sou baan vir verdere ontwikkeling en uitbouing van die oorwegend Afrikaanse wees- en onderwysinstelling, sal daar in hierdie artikel slegs op die bestaanstydperk van die inrigting tussen 1910 en 1948 gekonsentreer word. Sedert 1948 sou die inrigting na Salisbury (tans Harare) verskuif, waar dit as sentrum van Afrikaner-onderwys- en -kultuur in Rhodesië uitgebrei sou word. Die Bothashofskool het tot in 1983 as 'n Afrikaans-mediumskool gefunksioneer, waarna dit as gevolg van verminderende Afrikaner-skoliere toenemend verengels en tot die Eaglesvale-skool herdoop is. In die hedendaagse Zimbabwe is laasgenoemde skool bekend as 'n Christelike multi-kulturele skool wat hoë akademiese en internasionale standaarde nastreef.

Rhodesië gelê.⁴ Die geleidelike immigrasie van Afrikaners het op sy beurt tot 'n volksverskuiwing aanleiding gegee. Hierdie Afrikaners met hul inherente konserwatiewe leefstyl en Christelik-Calvinistiese geloofsoortuigings het dus hul weg na 'n oorwegend pro-liberale Engelssprekende kolonie gevind. Ten spyte van die aanvanklike goedgesinde houding en aanmoediging van Cecil John Rhodes om Afrikaners na Rhodesië te lok, is Rhodes se belofte van “equal rights to all for every civilized man south of the Zambezi” na sy afsterwe in 1904 dikwels nie deur die Britse koloniale bewindhebbers gestand gedoen nie.⁵

Die geloofs- en ideologiese verskille tussen Afrikaners en Engelssprekende Rhodesiërs sou mettertyd aanleiding gee tot wedywing en botsings, soos byvoorbeeld om die onderrig van Afrikaans op skool te erken. Die latere instelling van streng immigrasie-beleidsaspekte deur die Britse owerhede in Rhodesië was 'n duidelike bewys van die pogings om die instroming van Afrikaner-immigrante te beperk. 'n Beleid en ordonnansies gemik op passiewe ontmoediging is ingestel, maar desondanks het Afrikaners steeds onverpoosd Rhodesië binnegekom en hulself daar gevestig.⁶

Op sosiale en godsdienstige gebied sou Afrikaners en hul geestelike leiers oorwegend gemoedelike wedersydse verhoudinge met hul Engelssprekende en inheemse swart landsgenote handhaaf. Dit was van die staanspoor af duidelik dat Afrikaners nie slegs as landbouers in die ekonomie bekend geword het nie, maar ook 'n blywende belangstelling in sowel hul eie volks- en geestesbehoefte as in die breër Rhodesiese samelewing geopenbaar het.

Morele en godsdienstige aspekte rakende die opvoeding van weeskinders

Voordat daar op die Daisyfield-inrigting gekonsentreer word, is dit noodsaaklik om kortliks ondersoek in te stel na die ontwikkeling en wordingsgeskiedenis van “wees”- of “kinderhuise”. Literatuur oor weeshuise en die pleidooi vir die versorging van die haweloses, veral kinders wat in ouerlose omstandighede hul jeugjare deurbring, het sedert die middel van die negentiende eeu algaande

4 JL Hattingh, “Die trekke uit die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat” (D. Phil, Universiteit van Pretoria, 1975), pp. 280-303; CJ Scheepers Strydom (et al.), *Afrikaners in die vreemde* (Tafelberg, Kaapstad, 1976), pp. 120-138.

5 TW Baxter and RWS Turner, *Rhodesian Epic* (Timmins, Cape Town, 1966), n.p.

6 National Archives of South Africa, (hierna NASA), BNS 1/1/355, no. 117174; *Rhodesia. Immigration Law and admission*. Volume 1. Ordinance No. 7, 1914; R Hodder-Williams, “Afrikaners in Rhodesia: A partial portrait”, *African Social Research*, 18, December 1974, p. 616.

in belangrikheid toegeneem. JS Heywood, 'n historikus van weeshuis-inrigtings in Groot-Brittanje, het in 'n uitgebreide studie, *Children in Care. The development of the service for the deprived child*, verskeie prominente morele aspekte rakende die behandeling en sorgbehoewendheid van wese beklemtoon. Volgens Heywood het die sistematiese verval van die "stable way of life" in die landelike samelewing, grootliks vanweë die veranderinge as gevolg van die nywerheidsomwenteling, die lot van weeskinders negatief beïnvloed.⁷ Verstedeliking, sosiale euwels, die dikwels kapitalistiese uitbuiting deur die gebruikmaak van goedkoop kinderarbeid in die mynbedryf, asook die verarming of verbrokkeling van huisgesinne, was maar enkele faktore wat tot 'n vermeerdering van weeskinders in veral die laer werkersklas aanleiding gegee het. As gevolg van siektes, soos cholera-epidemies in die stede, is talle kinders in ellende gedompel en in baie gevalle wees gelaat.

In morele terme het die behoefte aan sowel 'n "reddingspoging" vir weeskinders vanuit filantropiese en godsdienstige kringe, as 'n hernude propagering van mense- en kinderregte voortgevloei. In hierdie opheffingspoging sou die stigma en die gevoel van sosiale verwerping van die wese as nie-geïntegreerde en welsynsondersteunde kinders aangespreek word. Mildred de M Rudolf het daarop gewys dat inwoners in die nabyheid van weeshuise 'n aktiewe betrokkenheid in die belang van wese in die kerk of plaaslike skool moes toon, om sodoende die skeiding tussen wees- en nie-weeskinders te voorkom.⁸ Praktiese opleiding en blootstelling aan arbeidsomstandighede is as 'n uitkomsgebaseerde inisiatief in die vooruitsig gestel om wese toekomsgeraad te maak. In dié verband het Heywood daarop gewys dat weeshuise en die "Rescue Societies" (wat gemoeid was met die welsynsbehoefte en diensbaarheid aan persone of gemeenskappe in nood) selfs geselekteerde wese na oorsese Britse kolonies soos Australië, Nieu-Seeland en Suid-Afrika gestuur het om veral werksondervinding in plaasgebiede op te doen.⁹

Binne die konteks van Suider-Afrika en Rhodesië was die diepgaande invloed van godsdiensoefening in die wesenlike bestaan van kerklike kinderweeshuise fundamenteel. Die voorskryf van verpligte godsdiensoefening en kerkbywoning was, veral in Suid-Afrikaanse weeshuise, daarop gemik om wese deur middel van

7 JS Heywood, *Children in care. The development of the service for the deprived child* (Routledge & Kegan Paul, London, 1959), pp. 40-50.

8 M de M Rudolf, *Everybody's children. The story of the Church of England Children's Society* (Oxford University Press, London, 1950), p. 11.

9 JS Heywood, *Children in care...*, p. 63.

dissipline op te voed as individue met 'n gebalanseerde lewensuitkyk.¹⁰ SMN Brönn het in 'n sosiologies-opvoedkundige studie oor die Abraham Kriel-kinderhuis vermeld dat die Christelike kerk, in die besonder die NG Kerk, 'n sterk verantwoordelike ideaal vir die rehabilitasie van verwaarloosde wees- en half-weeskinders gekoester het.¹¹ Die realiteit was dus dat weeshuise, soos wat ook in die geval van die Daisyfield-inrigting sal blyk, kerklik-opvoedkundige instellings geword het waarin die sentrale fokus oorwegend op die Christelike vorming van die weeskind geval het. Krities gespoken, was die somtydse neiging tot 'n oordrewe klem op godsdiensonderwys egter vir beide die Rhodesiese regering en die weeskind verwarrend en problematies. Ten opsigte van laasgenoemde was die verkondiging van Bybelse stelling, te wete "Eer jou vader en jou moeder," en "n God van Liefde", hoogs teenstrydige uitdrukkings vir weeskinders in krisisoomblikke en dus soms moeilik versoenbaar met hul situasie in die weeshuis.¹²

Nieteenstaande die intrinsieke waarde en belangrikheid van die aankweek van 'n godsdienbesef, het die verantwoordelikheid op die skouers van die predikers, sendelinge en godsdienstiges berus om die aanbieding van godsdien reg te hanteer.¹³ Brönn het in 'n samevattende slot die onontbeerlike belang van die weeshuis beklemtoon: "die weeshuis, net soos die see, voer op sy bodem kosbare juwele, die slagoffers van noodlottige storms wat in die opdrifsel met vreugde ontdek, weer gevind en bewaar word."¹⁴

Die behoefte aan 'n weeshuis vir die "ontredderde kinders van Rhodesië"

Soos reeds genoem, het die politieke en sosio-ekonomiese omstandighede in die jare na die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) die Afrikaner in 'n staat van armoede en finansiële onstabiliteit gedompel. Deur die oë van talle Afrikaners was dit 'n tyd van beproewing waarin hulle as 'n verowerde nasie alles in hul vermoë moes doen om deur middel van heropbou, repatriasie

10 GJ Strydom, *Die maatskaplike versorging van die kind in die kinderinrigting* (Academia, Kaapstad en Pretoria, 1973), p. 114.

11 SMN Brönn, "n Sosiologies-opvoedkundige studie van die Abraham Kriel-kinderhuis van die Ned. Herv. Geref. Kerk van Suid-Afrika" (Ph. D, Universiteit van Pretoria, 1941), p. 5.

12 L Pienaar, "n Wordingspedagogiese ondersoek na wordingsruimte in staatsondersteunende kindershuise in die R.S.A" (Ph.D, Universiteit van Port Elizabeth, 1979), p. 173.

13 GJ Strydom, *Die maatskaplike versorging van die kind in die kinderinrigting* (Academia, Kaapstad en Pretoria, 1973), p. 114.

14 SMN Brönn, "n Sosiologies-opvoedkundige studie van die Abraham Kriel-kinderhuis..." (Universiteit van Pretoria, 1941), p. 142.

en versoening hulself te handhaaf. Volgens MD Maree se skrywe oor die Daisyfield-inrigting is die standpunt gestel dat die stryd benoorde die Limpoporivier 'n "ekonomiese stryd om selfstandige bestaan, maar ook 'n ideologiese stryd om die handhawing van die Afrikaner se volksaard is."¹⁵ As gevolg van die toenemende aantal Afrikaner-immigrante wat Rhodesië voortdurend binnegekom het en rondtrekkende Afrikaners binnelands, het hul omstandighede selfs nog meer onbestendig geword. Volgens 'n brief deur ds JN Geldenhuys is die ellendige lewensomstandighede soos volg beskryf:¹⁶

De gemeenten in Rhodesië zijn maar nog in wording. Men heeft met bijzondere moeilijkheden en omstandigheden te kampen. Onze menschen zijn arm en wonen meestal ver uit elkaar ... De meesten zijn nog niet gevestigd, maar zwerven rond.

Daar het geen volwaardige opvoedingsentra of kerkskole bestaan nie en die enkele Engelsprekende en Christelik-Nasionale Onderwys-skole was soms ver verwyderd van die plattelandse gebiede in Rhodesië. Vanweë die ernstige finansiële worstelstryd en bogenoemde redes het 'n dringende behoefte aan die skepping van 'n Afrikaanse onderwysinsetting ontstaan. Dit is opmerklik dat hoofsaaklik leraars van die Nederduits Gereformeerde Kerk in Rhodesië die ernstige noodsaaklikheid van die oprigting van 'n inrigting onder die aandag van die Kaapse NG Kerk gebring het. Omrede die voorkoms van hawelose weeskinders en hul kwesbaarheid vir die opname in ander kerkgenootskappe en sektes, het dit duidelik geword dat hierdie kinders 'n groot bron van bekommernis en beswaar vir die NG Kerk geword het.

Die kerk het naderhand die gevare van kerkloosheid en potensiële verval van weeskinders besef en as gevolg daarvan 'n beskermingsbeleid toegepas. Alhoewel die NG Kerk in Rhodesië steeds in sy vormingsjare verkeer het, het dit sy roeping geword om 'n vaste plek vir die versorging van wees- en verwaarloosde kinders daar te stel. In 'n studie deur PF Greyling oor die NG Kerk en armesorg is die roeping beklemtoon om die "armblanke, nie-onegte kinders, wat hul ouers verloor het, of deur hul ouers nie onderhou kan word nie of verwaarloos word, op te neem, en vir hul toekoms na vermoë te sorg."¹⁷ Vanweë sterftes deur vernietigende koorssiektes of weens gebrekkige lewensonderhoud het die aantal weeskinders algaande toegeneem.

15 Kaapse Argief Bewaarplek, Wes-Kaap (hierna KAB), PJ van der Merwe-versameling A2599, no. 140: Onderwys en Kerk (MD Maree, *Die Daisyfield-inrigting, 1910-1948*), p. 1.

16 JN Geldenhuys in 'n brief in *De Kerkbode*, 25 Februarie 1909, p. 2.

17 PF Greyling, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en armesorg* (Nasionale Pers, Kaapstad, 1939), p. 159.

Twee onvermoede kampvegters vir die oprigting van 'n weeshuis was ds JN Geldenhuys, wat die eerste amptelike predikant te Bulawayo geword het, en eerwaarde AJ Botha, wat 'n betekenisvolle hulpverleningsrol in die aanvanklike organisering van die weeshuis vervul het.¹⁸ Eerwaarde Botha het na 'n jagekspedisie twee weeskindertjies onverwyld onder sy eie sorg geneem, hoewel die aantal tot agt gestyg het en daar nog talle wesies verspreid in die Bulawayo-streek gewoon het. As gevolg van hierdie allernoodsaaklikste behoefte aan 'n weeshuis vir “ontredderde kinders”, soos J van Zyl Gryffenberg tereg beskryf het, het die Kerkraad van Bulawayo op 10 Januarie 1910 besluit om 'n amptelike weeshuis-inrigting op te rig. Danksy 'n suksesvolle kollektetoevoer van ds Geldenhuys in die Unie van Suid-Afrika, maar veral in Kaapland (waartydens ongeveer £1 400 ontvang is), en vrywillige gemeentelike bydraes, kon die stremmende probleem van finansies gedeeltelik oorbrug word.¹⁹

Uitbreidingsprobleme en verskuiwing na Daisyfield

Na die verwesenliking van die NG Kerk se ideaal om 'n weeshuis op 11 Januarie 1911 langs die kerkgebou te Bulawayo in gebruik te neem, het daar 'n groot mate van opgewondenheid geheers. Administratief sou die weeshuis deur die Kerkraad van Bulawayo beheer word en bykomende lede jaarliks herkiesbaar stel. Die vorming van 'n direksie, bestaande uit ds JN Geldenhuys, AJ Botha (huisvader), AC Burnett, BJ Bester en I Terblanche, het die werksaamhede van die inrigting gekoördineer.²⁰ Nieteenstaande die feit dat die weeshuis op gemeentelike basis georganiseer is, is dit noemenswaardig dat die breër samelewing van Bulawayo, insluitend die Engelssprekende gemeenskap, deur welwillendheid hul ondersteuning (bv. gratis mediese dienste, voogdyskap tydens vakansietye, ens.) verleen het.²¹ In teenstelling met daardie gunstige sosialisering en vriendskaplikheid het die Rhodesiese regering egter onwillig gestaan of gehuiwer om die nuutgestigte Afrikaanse inrigting finansiël te steun. Aangesien die weeshuis nie 'n regeringskool was nie, moes Afrikanerkinders noodgedwonge by die openbare “Primary School” hul opvoeding in 'n Engels-georiënteerde skool ontvang.²² Daarbenewens het die somtydse

18 KAB, PJ van der Merwe-versameling, A2599, no. 140, Onderwys en Kerk (MD Maree, *Die Daisyfield-inrigting: 1910-1948*), pp. 2-3.

19 HC de Wet, “Onze Kerk in Rhodesia”, *De Kerkbode*, 1, September 1910, p. 194.

20 KAB, PJ van der Merwe-versameling A2599, no. 140: Onderwys en Kerk (MD Maree, *Die Daisyfield-inrigting: 1910-1948*), p. 7.

21 Nederduits Gereformeerde Kerkargief (hierna NGKA), G 622, *Ons eerste 50 jaar, Bothashof 1911-1961*, p. 16.

22 NGKA, G 622, *Ons eerste 50 jaar, Bothashof, 1911 – 1961*, pp. 18-19.

ontoegeeflikheid van die regering om toereikende voorsiening vir die aanbied van godsdiensonderwys, asook die verpligte kadetoeëninge op Sondag, die direksie nie aangestaan nie.

Die huisvesting van die weeskinders in 'n gebou wat vir slegs veertig kinders bedoel was, het spoedig weens die snelle opname van wese problematies geword. Slegs sewe maande na die stigting was die weeshuis vol en gevolglik is 'n uitbreidingskommissie op 17 Augustus 1912 benoem om om te sien na die huisvesting van die wese. Na verskeie ooreenkomste en onderhandelings oor 'n geskikte perseel vir die weeshuis is daar besluit om te verskuif. Geopolitieke oorwegings was van die belangrikste redes vir die verskuiwing. Die benadering van veral kerkleiers was dat Bulawayo as stad "n beperkte ruimte en [met] eiesoortige verleidings" nie die gepaste omgewing vir die voortbestaan en waardes van 'n Afrikaanse inrigting vir Afrikaner-kinders sou bied nie.²³ Daarmee saam is voorgestel dat die inrigting verskuif na die platteland, waar Afrikaner-kinders die vryheid van die plaaslewe en onderrig in boerdery kon geniet. Onder die administrasie van die Kerkraad van Bulawayo het die direksie ooreengekom om ongeveer 2 000 morg teen £4 975 van die Anglo-French Maatskappy by 'n spoorweghalte te Daisyfield op die spoorlyn na Salisbury (Harare) te koop.²⁴ Dit was 'n reuse-onderneming vir beide die direksie en die kerkraad om die weeshuis met beperkte finansiële middele te verskuif, maar ook 'n poging om 'n groter huisvestingskapasiteit oor die lang termyn te verseker. Na die aankoop is daar dadelik met die bouwerkzaamhede begin en die oprigting van 'n dubbelverdiepinggebou is deur die firma McGilroy en Grant behartig. Die nuwe weeshuisgeboue is na 'n lang bouperiode voltooi en met die hoeksteenlegging op 15 Augustus 1914 in 'n gees van blydskap en verligting gevier.²⁵

'n Onmiddellike probleem waarmee die inrigting te kampe gehad het, was die tekort aan 'n skool vir die opleiding van die wese. Die gunstige reaksie deur die Rhodesiese onderwysdepartement na 'n versoek van die direksie het daartoe gelei dat die regering onderwysverantwoordelikhede op Daisyfield aanvaar het. Op voorbehoud van die direksie is toegelaat dat drie onderwysers aangestel en deur die onderwysdepartement gesalarieer word. Voldoende gekwalifiseerde onderwysers, onder meer ene Van Biljon, Honiball en mej. Steyn, kon dus gevind word om hul plek in die Daisyfield-skool in te neem.

23 Anon., *Daisyfield orphanage, 1914 – 1935*, (sa), p. 4.

24 KAB, PJ van der Merwe-versameling, A2599, no. 140, Onderwys en Kerk (MD Maree, *Die Daisyfield-inrigting: 1910 – 1948*), p. 14.

25 NGKA, 75 1895 – 1970. *Ned. Geref. Kerk. Midde-Afrika*, p. 62.

Desnieteenstaande sou Engels die onderrigtaal wees en die leerplanne sou op dié van die Kaap geskoei wees, terwyl Christelik-nasionale onderwys en aktiwiteite steeds net in 'n hoofsaaklik Afrikaanssprekende omgewing kon plaasvind. Ds AF Louw, 'n welbekende sendeling en NG leraar te Morgenster, het in 'n joernaalartikel beklemtoon dat die toegewings van die onderwysdepartement meegebring het dat:²⁶

Daisyfield die enigste skool in die land [is] waarin sowel 'n opvoedkundige, as 'n kulturele en godsdienstige atmosfeer geheers het, wat simpatiek gestaan het teenoor die ideale van die Afrikaners op dié gebied.

Ten spyte van die voortslepende uitbreidingsprobleme het die toegewing om 'n skool vir Afrikaner-weeskinders in werklikheid die platform geskep waarop 'n wees- en onderwysinstelling gebou kon word. In hul idealisering van 'n geloofwaardige instelling sou die onderwysers en sendelinge te Daisyfield deurentyd streef na die handhawing van 'n Afrikaner-kultuurbesef en -opleiding binne 'n oorwegend Engelssprekende Rhodesiese samelewing.

Die bepalings en reglement van “Het Bulawayo Kinder Tehuis Daisyfield”

Kort na die hoeksteenlegging is enkele bepalings en reëlings vir die doeltreffende organisering en bestuur van die Daisyfield-inrigting bekend gestel. Die huishoudelike bepalings het gestipuleer dat: wees- en verwaarloosde kinders gratis en vir 'n onbepaalde tydperk in die inrigting opgeneem word; kinders deelneem aan gewone huishoudelike werk, sowel binnens- as buitenshuis; kinders nie toegelaat moes word om hul familie te besoek gedurende hul verblyf aan die inrigting nie; familie en belangstellendes die kinders te eniger tyd in die inrigting kon besoek; maar geen besoekers op Sondag ontvang sal word nie.²⁷ Die weeshuispersoneel het waarskynlik gereken dat die streng handhawing van dissipline met behulp van hierdie bepalings in die beste belang van die weeskinders sou wees.

Volgens die amptelike reglement van die Daisyfield-inrigting sou die weeshuis as “Het Bulawayo Kinder Tehuis Daisyfield” bekend staan. In die handgeskrewe reglement van 1915 is die doel van die inrigting soos volg omskryf: “de behoorlijke geestelijke, verstanelijke en lichamelijke verzorging

²⁶ AF Louw, “Daisyfield-inrigting”, *Inspan*, 5, Julie 1943, p. 5.

²⁷ NGKA, KS 1707, Kommissie. Sinodale Kommissie vir diens van barmhartigheid. Kinder tehuse, 1914-1977 (Huishoudelike bepalings voor Kinderen in het Bulawayo Kinder Tehuis der N.G.K Bulawayo te Daisyfield).

van behoeftige kinderen onzer kerk in Rhodesia, zullende Het Bestuur ook 't recht hebben kinderen tot andere gezindten behoorende op te neemen.”²⁸ Daarvolgens kon sorgbehoewende kinders dus ongeag hul kerkverband in die inrigting opgeneem word, omdat toegang nie uitsluitlik tot Afrikaner-kinders van die NG Kerk beperk sou wees nie.

“Help ons bou” – die rol en ontwikkeling van die Daisyfield-inrigting

Infrastrukturele uitbreidings in die 1920s

Die Daisyfield-inrigting sou, ten spyte van gedurige probleme en finansiële druk, geleidelik tot 'n veelbewoë wees- en onderwysinstelling vir die Afrikanergemeenskap in die breë in beide Suid- en Noord-Rhodesië ontwikkel. Teen 1919 het die “Inwendige” Sendingkommissie van die Kaapse Kerk 'n ruim bedrag van ongeveer £2 000 vir die verdere oprigting van onderwysgeboue beskikbaar gestel, terwyl die Rhodesiese onderwysdepartement die aanstelling van leerkragte goedgekeur het.²⁹ In dié mate wat die wees- en leerlinggetalle vermeerder het (van 45 in 1914 tot 75 in 1917), moes die kapasiteit van die inrigting as onderwysentrum vergroot word.³⁰ Met die verbeterde finansiële posisie in die twintigerjare (na afloop van die Eerste Wêreldoorlog) kon daar met groot sukses aan die gehalte-onderrig van die kinders aandag geskenk word. 'n Onderliggende rede daarvoor was dat die Departement van Onderwys belangrike geldelike ondersteuning, asook die betaling van salarisse aan onderwysers op 'n pond-vir-pond-basis, onderneem het.³¹ Daardeur sou die las van onderwysaangeleenthede en -verpligtinge wat deur die Ring van Bulawayo gedra is, verlig word, hoewel die morele aspekte van Engels as onderrigtaal Afrikaners deurentyd sou grief. Omrede die meeste kinders uitsluitlik Afrikaans was, kon buitemuurse aktiwiteite en ontspanning egter volledig in Afrikaans geskied.

Teen 1926 het fenomenale infrastrukturele uitbreiding op onderwysgebied te Daisyfield plaasgevind. Die huisvestingsprobleem is grotendeels as gevolg van verbeterde fasiliteite, die opening van 'n hostel vir betalende kinders, en die oprigting van nuwe personeel- en koshuisgeboue opgelos. Dit is opmerklik

28 NGKA, KS 1707, Kommissie. Sinodale Kommissie vir diens van barmhartigheid. Kinder Tehuise 1914 – 1977 (Reglement voor het Bulawayo Kinder Tehuis te Daisyfield).

29 NGKA, G 622, *Ons eerste 50 jaar, Bothashof 1911 – 1961*, p. 22.

30 NGKA, G 622, *Ons eerste 50 jaar, Bothashof 1911 – 1961*, p. 23.

31 KAB, PJ van der Merwe-versameling, A2599, no. 140, Onderwys en Kerk (MD Maree, *Die Daisyfield-inrigting: 1910 – 1948*), p. 59.

dat kinders van die Gereformeerde Kerk, die Hervormde Kerk, asook Engelse kerke, sonder beswaar in die Daisyfield-inrigting opgeneem is. In 'n poging om teen 'n moontlike minderwaardigheidsgevoel onder weeskinders te waak, is die inrigting geherorganiseer en teen 1946 in 'n gesamentlike koshuis vir onderskeidelik seuns en dogters verander.³² Daardeur kon moontlike diskriminasie teen wese uitgekakel, en hegte vriendskappe tussen wees- en betalende kinders aangemoedig word.

Oor die lang termyn sou hierdie kinders op weldeurdagte wyse voordeel trek uit die goed georganiseerde onderwysstelsel te Daisyfield. Besondere aandag is geskenk aan die ontwikkeling van tegniese vaardighede. Die intrinsieke waarde van hierdie opleiding is reeds in 1906 deur ds Geldenhuys en later deur die direksie in 1922 gepropageer, waarna die Departement van Onderwys £150 vir dié doel bewillig het. Spoedig is daar met die opleiding in boerderyvertakkings, vernameelik bees- en saaiboerdery, begin. Na 'n skenking van £500 deur ene mnr. Lees van Matoppos aan die weeshuis, kon Friesbeeste aangekoop en stalle gebou word om sodoende praktiese opleiding te verbeter.³³ Die uitbreiding van die boerderykennis sou mettertyd meebring dat daar voldoende in die behoeftes van landbouprodukte voorsien kon word. Die kinders sou elke ses maande geëksamineer word en na voltooiing van hul kursus 'n diploma ontvang.

Tegniese vaardighede in 'n Christelik-Calvinistiese omgewing

Tesame met die boerderyopleiding het die kinders ook deur middel van onderskeidelik die hout- en leerwerkafdeling waardevolle praktiese kennis opgedoen. Die kerkbanke en -galery is byvoorbeeld deur seuns van die weeshuis uit Rhodesiese hout gemaak. Seuns kon aansoek doen vir verdere skoolastiese opleiding in vakleerlingskap en indien hulle toegelaat is, kon hulle aandklasse bywoon om sodoende nie met die akademiese opleiding van die ander leerders in te meng nie.³⁴ Die inrigting het ook gepoog om die vaardighede van dogterskoliere en weesdogters te ontwikkel. Die dogters is opgelei om gesofistikeerde naaldwerk te doen, om deur middel van 'n wassery moderne huishoudkundige opleiding te bevorder en om deur 'n seepmakery

32 NGKA, G 622, *Ons eerste 50 jaar, Bothashof 1911- 1961*, p. 29.

33 Anon, *Daisyfield weeshuis, Suid-Rhodesië*. Viering van die een-en-twintigste verjaarsdag van die weeshuis 1914-1935, p. 9.

34 KAB, PJ van der Merwe-versameling, A2599, no. 140, *Onderwys en Kerk (MD Maree, Die Daisyfield-inrigting: 1910 – 1948)*, p. 59; NGK argief, *Ons eerste 50 jaar*, p. 30.

selfonderhoudend te word.³⁵ Met die oog op middelbare onderwys is daar in weerwil van die afsydige houding van die onderwysdepartement, gedurig eise gestel om die inrigting tot 'n Standaard 9-klas uit te brei. Die strewe na middelbare onderwys het veral gespruit uit die begeerte van sommige Afrikaner-kinders om ná voltooiing van hul skoolopleiding hul studies op tersiêre vlak in die Unie van Suid-Afrika voort te sit.



Foto 1: Die Nederduits Gereformeerde Kerkgebou te Daisyfield

³⁵ Anon., *Daisyfield weeshuis, Suid-Rhodesië...*, pp. 10-11.



Foto 2: Die Daisyfiel weeshuisgebou

Die Daisyfield-inrigting het teen 1928 'n status as junior Hoërskool verkry en weens die suksesvolle skooluitslae kon die Standaard 9-klas in 1945 'n aanvang neem.³⁶ Afgesien van die akademiese en praktiese opvoeding het weeskinders ook aan die jaarlikse Geloftefeestvierings, gereelde natuuruitstappies en sportaktiwiteite deelgeneem. Daisyfield het verskeie rugby- en tennisbane gehad waar vriendskaplike wedstryde gespeel kon word.

Die belangrikheid van Daisyfield het langsamerhand toegeneem. Aansoeke om weeskinders in die inrigting op te neem, het nie bloot vanuit Suid- en Noord-Rhodesië gekom nie, maar ook uit buurstate soos Portugees-Oos-Afrika (Mosambiek), Tanganjika (Tanzanië), die Belgiese Kongo en selfs van die Unie van Suid-Afrika ingestroom.³⁷ Omdat daar sedert 1937 vir die eerste keer voorskoolse kinders opgeneem is, het die getal teen 1939 van 600 tot 880 vermeerder.³⁸

As gevolg van bestuurs- en administratiewe redes, waaronder talle buitelandse verpligtinge, het die NG Kerk van Kaapland besluit om al die Rhodesiese

³⁶ NGKA, G 622, *Ons eerste 50 jaar, Bothashof 1911 – 1961*, p. 31.

³⁷ NGKA, G 622, *Ons eerste 50 jaar, Bothashof 1911 – 1961*, p. 74.

³⁸ NGKA, G 622, *Ons eerste 50 jaar, Bothashof 1911 – 1961*, p. 77.

gemeentes, insluitend die Daisyfield-inrigting, in 1929 aan die NG Kerk van die Vrystaat te oorhandig. Na die oornamte het die inrigting 'n "tydperk van rustige uitbreiding" ondervind.³⁹ In Februarie 1931 is 'n toringkerkie te Daisyfield in gebruik geneem. Dit sou figuurlik gesproke die versinnebeelding van die grootse ideaal van die doelgerigte versorging en omgee vir die Afrikanerweeskind in Rhodesië word. In dieselfde jaar is die Beit- industriële skool, waarvan die bouwerk befonds is deur 'n £500-skenking van die Beit-fonds, met groot dankbaarheid ingewy. Deur hierdie toevoegings kon veral die tegniese onderwysfasiliteite ontwikkel word, asook die nodige kamers vir smidswerk, huishoudkunde, musiek en biblioteekdoeleindes ingerig word.⁴⁰ Daisyfield het op sigself in 1938 die vorm van 'n klein dorpie aangeneem, bestaande uit twee kosskole, 'n hospitaal, skool en personeelhuise. Die inrigting het as sentrum van Afrikaner-opvoeding 'n integrale rol vir Afrikaners in Rhodesië gespeel, omdat "ons staffede almal toegewyde Afrikaansprekende lede van ons Kerk is, en dus simpatie met die Afrikaanse kind, sy omstandighede en sy godsdiens het."

Verskuiwing na Salisbury

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in September 1939 het die Afrikaners in Rhodesië redelik sterk anti-Afrikaner-houdings van die kant van die Brits-gesinde Rhodesiese owerhede ervaar. Daar is dikwels na Daisyfield verwys as die "racial island"⁴¹ weens sy groot konsentrasie Afrikaner-inwoners. Finansiële en personeeltekorte het voorgekom en die gesondheidstoestand van die weeshuis het op sy beurt agteruitgegaan. Omdat die geboustrukture al oud was, het die gedurige verswakking van water- en elektrisiteitsvoorsiening aan die skoolterrein gesondheidsprobleme ingehou. Daarby was Daisyfield, wat ongeveer sestig kilometer van die naaste stedelike gebied was, te vêrafgeleë en het al minder bekend by die Rhodesiese publiek geraak.⁴²

Ten spyte van die sentimentele waarde van die inrigting het die direksie en die Ring van Bulawayo na lang en mistroostige gesprekvoering besluit om die hele inrigting na Salisbury te verskuif. In 'n pamflet deur die Daisyfield-

39 NGKA, G 622, *Ons eerste 50 jaar, Bothashof 1911 – 1961*, p. 32.

40 H Botha, "Daisyfield weeshuis", *Die Kerkbode*, Desember 1937, p. 1031.

41 KAB, PJ van der Merwe-versameling A2599, no. 140, *Onderwys en Kerk (MD Maree, Die Daisyfield-inrigting: 1910 – 1948)*, p. 30 & 102.

42 SP Olivier, *Ons Kerk in Rhodesië: 'n Historiese oorsig van die Ned. Geref. Kerk, sending en onderwys, 1895 – 1945* (HE Ring van Bulawayo, Bulawayo, 1946), p. 391.

inrigting, *Help ons Bou*, is 'n dringende versoek of pleidooi aan die Afrikanergemeenskap van Rhodesië gerig om geldelike hulp te verleen. 'n Boufonds van £80 000 is vereis en gevolglik is die gemeentes gevra om die nodige fondse in te samel.⁴³ Die pamflet het afgesluit met 'n hulpkreet om die skenking of erflating van "n ruime bydrae" en die opdrag om die "bouwerk saam met ons deur u gebede" te doen.⁴⁴ Die verskuiwing het in September 1948 'n werklikheid geword met die inwyding van die nuwe kerkskool in Salisbury, wat amptelik as die Bothashof-skool besondere bekendheid in die toekoms sou verwerf.




Foto 3: Die oorspronklike pamflet, Help ons Bou, wat in Rhodesië versprei is

⁴³ KAB, PJ van der Merwe-versameling, A2599, no. 248, Pamflette (*Help Ons Bou*, Daisyfield, Bulawayo, n.d.).

⁴⁴ KAB, PJ van der Merwe-versameling, A2599, no. 248, Pamflette (*Help Ons Bou*, Daisyfield, Bulawayo, n.d.).

‘n Waardebepaling van die Daisyfield-“kindermonument”

Na die verskuiwing van die inrigting het Daisyfield geleidelik ‘n toneel van verlatenheid en verval geword. Desnieteenstaande was die intrinsieke nalatenskap en langtermyn-uitkomste volgens Rhodesiese Afrikaners veelbelowend. DH Davel, die voormalige skoolhoof van Daisyfield, het dit beklemtoon dat die skool se verantwoordelikheid ontsettend groot was, en dat die Christus- en volksdienste op Bothashof voortgesit moes word.⁴⁵ In ‘n evaluering van die uitkomste van die weeshuis is dit noemenswaardig dat oud-weeshuiskinders na hul verblyf te Daisyfield diep spore in die Rhodesiese samelewing en arbeidsdiens getrap het. Jan en Mattheus Basson het byvoorbeeld die onderwysberoep betree en onderskeidelik skoolhoofde op Somabula en Ensindeel geword.⁴⁶ Volgens die 1929-verslag van die Ring van Bulawayo het die weeshuis gespog met die toetrede van oud-weeshuiskinders tot die volgende betrekkings: 25 in die boerdery, 19 in die spoorweë, 10 in die myne, vier in die wamakery, 12 as timmermans, agt as messelaars, vier onderwysers en een in die sendingveld.⁴⁷ Nie alleen is bogenoemde oud-weeshuiskinders van Daisyfield in ‘n Christelik-godsdienstige omgewing opgevoed nie, maar volgens eerwaarde AJ Botha het dit hulle ook in staat gestel het om hulle as “waardige en onafhanklike burgers van hierdie landstreek” voor te berei.⁴⁸

Met die vyftigjarige herdenking van Bothashof het J van Zyl Gryffenberg verklaar dat die Daisyfield-inrigting die “heilige plek” van die Afrikaners in Rhodesië was, en dat dit as ‘n “kindermonument” vir die hawelose en weeskinders beskou kon word.⁴⁹ Die Daisyfield-inrigting was dus van onskatbare waarde in die lewering van opgevoede en gebalanseerde kinders tot die Rhodesiese bevolking – kinders wat andersins verlore vir die samelewing kon wees.

45 NGKA, G 622, *Ons eerste 50 jaar, Bothashof 1911-1961*, p. 8.

46 KAB, PJ van der Merwe-versameling, A2599, no. 140, *Onderwys en Kerk* (MD Maree, *Die Daisyfield-inrigting: 1910-1948*), p. 11.

47 KAB, PJ van der Merwe-versameling, A2599, no. 140, *Onderwys en Kerk* (MD Maree, *Die Daisyfield-inrigting: 1910-1948*), p. 63; Verslae van die Opvoedingskommissie van die Ring van Bulawayo, 1928-1948, 29 Mei 1929, p. 3.

48 Anon., *Daisyfield weeshuis, Suid-Rhodesië...*, p. 7.

49 NGKA, G 622, *Ons eerste 50 jaar, Bothashof, 1911 – 1961*, p. 14.

‘n Terugskouing op die impak en ondernemingsgees van sendelinge by Daisyfield

Dit is ondenkbaar wat die lot van wees- en sorgbehoewende kinders sonder die indringende invloed en inisiatief van die NG Kerk-leraars en -sendelinge, onder meer di. Botha, Geldenhuys, Luckhoff en andere, sou wees. Die vroeë sendelinge die versorging van weeskinders as onlosmaaklike deel van hul kerklike en godsdienstige bearbeiding beskou.⁵⁰ Aangesien die algehele ondernemingsgees van dié sendelinge gerig was op Bybelonderrig, evangelisasie en die opvoeding van die kind in ‘n Christelik-Calvinistiese omgewing, het die Daisyfield-inrigting as ‘n oorwegend godsdienstige inrigting bekend geword. Volgens hierdie sendelinge het die gedagte van godsdienstige humanisme sentraal gestaan, omdat hulle dit as ‘n taak van barmhartigheid beskou het om die weeskind op te voed en toekomsgered te maak.⁵¹ Daarby het patriotisme en vroomheid as verdere motiewe vir die opvoeding van weeskinders in ‘n suiwer Afrikaanse kerklike opset gedien. Dominee AF Louw het egter verwys na die veeleisende taak van die predikant in Rhodesië, waarvan die “groot diens vir kerk en volk” ‘n noodsaaklike en gewetensvolle kwessie geword het.⁵²

Dit is opmerklik dat die saak van die Afrikaner-sendelinge en -leraars dikwels deur finansiële ondersteuning van die “Inwendige Zending Kommissie” gerugsteun is. In Desember 1917 het die sendingkommissie byvoorbeeld onderneem om deur middel van ‘n “Kruistocht” te poog om £1 000 in te samel, en om ook ‘n bedrag van £3 000 vir die instandhouding van die Daisyfield-inrigting te bewillig.⁵³ Vanweë die teenwoordigheid van leraars en sendelinge kon die weeshuis voortgaan om kinders te onderrig en die fokus op beide geestelike en opheffingswerk te behou. In die 1924-jaarverslag van Daisyfield is dit bevestig dat die “geestelike lewe van die kinders op ‘n baie hoë peil staan”, en dat daar terselfdertyd op die uitbreiding van praktiese vaardighede gekonsentreer is.⁵⁴

In die daaropvolgende jare sou die beoefening van godsdiens ‘n kardinale rol in die opvoeding van weeskinders speel en sou dit in der waarheid ‘n

50 E-pos, S Kotze (NGK predikant/ Potchefstroom)/G Hendrich, 11 April 2010.

51 SF Pretorius, “The history of the Daisyfield orphanage, Bothashof Church school and Eaglesvale school between 1911 and 1991” (M. Th, University of South Africa, 1992), p. 29.

52 SF Pretorius, “The history of the Daisyfield orphanage...”, (M. Th, University of South Africa, 1992), p. 86.

53 NGKA, KS 1707, Kommissie. Sinodale Kommissie vir diens van barmhartigheid. Kinder Tehuise, 1914 – 1977 (De Inwendige Zending, Stellenbosch, 8 Desember 1917).

54 NGKA, KS 1707, Kommissie. Sinodale Kommissie vir Diens van Barmhartigheid. Kinder Tehuise 1914 – 1977 (Jaarverslag Kinder Tehuis Daisyfield, 1924).

weerspieëling van die impak en begroning van Christelik-skolastiese opleiding word. Volgens bepaling is kinders verplig om Sondagskool en kerkbediening by te woon en in sommige gevalle die jaarlikse “Bybelkennis-eksamen” wat deur die Kategismus van die NG Kerk te Bloemfontein ingestel is, af te lê.⁵⁵ Skoliere van die latere Bothashof-skool het in talle gevalle die hoogste punte in finale Bybelkennis-eksamens behaal. Weeskinders is dus aangemoedig om sonder aarseling hulself aan godsdienstige opleiding en deug te wy. Alhoewel die meeste kinders met hierdie en ander verpligtinge akkoord gegaan het, het ds Botha tog te kenne gegee dat daar besondere gevalle van “onbeskaamde oneerlikheid” en die tevergeefse soeke na ‘n waarheidsgevoel onder sommige wese teenwoordig was.⁵⁶ Ten spyte dan van enkele pedagogiese probleme rakende die opvoeding van die wese, het die uitwerking van die godsdienstebeoefening ongetwyfeld as ‘n bron van inspirasie en subtiële meditasie gedien. Daisyfield het per slot van sake die simbool van die Afrikaner se kerklike en volkslewe in Rhodesië geword waarin daar, volgens die skriba van die Ring van Bulawayo, “na veel meer as die redding en opheffing van die wese” gestreef is.⁵⁷

Samevatting

Die Daisyfield-inrigting het inderdaad ‘n integrale opheffingsfunksie en deurslaggewende rol in die versorging en opvoeding van die Afrikaner wees- en sorgbehoewende kind vervul. Vanweë die samevloeiing van oorsaaklike redes in die eerste dekade van die twintigste eeu het die behoefte aan ‘n doelmatige, organisatoriese instelling vir die groot aantal weeskinders in Rhodesië sterk na vore gekom. Grotendeels as uitvloeisel van hul sendingwerk en evangelisasie, het leraars van die Nederduits Gereformeerde Kerk dit as die allernoodsaaklikste lewenstaak beskou om die “ontredderde kinders” in ‘n Christelik-skolastiese omgewing op te voed. Afgesien van gedurige moeilike finansiële omstandighede, sou Daisyfield tussen 1910 en 1948 as een van die mees suksesvolle wees- en onderwyssentrum van die Afrikaner-minderheidsgroep in Rhodesië besondere bekendheid verwerf.

55 SF Pretorius, “The history of the Daisyfield orphanage...” (M. Th, University of South Africa, 1992), p. 75.

56 NGKA, KS 1707, Kommissie. Sinodale Kommissie vir Diens van Barmhartigheid. Kinder Tehuise, 1914 – 1977 (Jaarverslag Kinder Tehuis Daisyfield, 1924).

57 NGKA, KS 1707, Kommissie. Sinodale Kommissie vir Diens van Barmhartigheid. Kinder Tehuise, 1914 – 1977 (Ring van Bulawayo, Presbytery of the Dutch Reformed Church in Rhodesia), p. 2.

As minderheidsgroep in Rhodesië het veral Afrikaner-sendelinge die behoefte aan 'n volwaardige inrigting vir die talle weeskinders besef, en die verantwoordelikheid aanvaar om vir hawelose weeskinders 'n Christelike tuiste as “reddingspoging” te bied. Rhodesiese Afrikaners het onteenseglik die Daisyfield-inrigting as 'n baken van hoop en opheffing beskou. Dominee H Botha, die voormalige direkteur en voorsitter van Bothashof, het in sy vooruitskouing van die herdenking van die stigting van Daisyfield vermeld dat “... wanneer ons die 100-jarige bestaan van ons instelling gaan vier in die jaar 2011, dit tot 'n sieraad vir ons Kerk en Volk uitgebou sal word”.

Alhoewel die verhaal van die Daisyfield-inrigting in die hedendaagse Zimbabwe vanweë die snelle afname in Afrikaner-bevolkingsgetalle na 1980 grotendeels in die vergetelheid verval het, is dit noemenswaardig om die betekenisvolheid van 'n inrigting wat honderd jaar gelede tot stand gekom het, te belig. As gevolg van radikale politieke veranderinge in Zimbabwe na 1980, en die geleidelike verval van die Afrikaner-nalatenskap aldaar, het Bothashof, en later Eaglesvale, algaande 'n multi-kulturele skool geword, hoewel steeds op Christelike geloofsoortuigings geskoei.